# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**AFRIKAANS PRIMÊRE/EERSTE TAAL**

**SG**

**101-2/1**

Eerste Vraestel
Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging

AFRIKAANS PRIMERE/EERSTE TAAL SG: Vraestel 1

12 bladsye

101 2 1 SG

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

- Jy het die afgelope jare kennis gemaak met verskillende tipes nieliterêre tekste.
- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae vir die afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen jou antwoorde.

**LEER UIT VERLEDE OM REG TE EET IN TOEKOMS**
***WETENSKAP VANDAG*, CARL ALBRECHT**

1 ʼn Gesonde dieet met gepaardgaande oefening en die vermaning om nie te rook nie, het oor die afgelope paar dekades die mantra van die mediese professie geword. Daar is wetenskaplike aanduidings dat hartsiektes en sekere kankers hokgeslaan kan word as ʼn mens jou by hierdie riglyne hou.

2 Enige navraag oor wat ʼn "gesonde dieet" behels, kan egter duisend en tien verskillende antwoorde oplewer.

3 In studies is bevind die moderne mens het wat sy dieet en gesondheid betref, vandag ʼn duur prys betaal vir die nywerheidsrevolusie wat tot minstens tien voedingsflaters aanleiding gegee het.

**4** Vandag fokus ek net op twee van die groot flaters.

1. Die oerdieet word oorboord gegooi. Vir byna 98% van die moderne mens se bestaan het sy dieet hoofsaaklik uit plantmateriaal soos bessies, blare en bolle, sowel as insekte en klein lewende organismes, bestaan. Dit was nie vir die primitiewe jagter-versamelaar maklik om op diere jag te maak nie en vleis en vis was 'n luukse.

**5** Die kweek van sade soos koring was dan ook die moderne mens se eerste poging om hom van die oerdieet te bevry.

**6** Die mens met sy skeppende brein, het 'n inherente behoefte aan sulke energiekos, en koring het onmiddellik in hierdie behoefte voorsien.

**7** Die prys wat ons egter vir ons "bevryding" van die oerdieet moes betaal, was besonder hoog en het tot 'n gebrek aan foliensuur gelei. Groen blare bevat baie meer foliensuur as graan of mielies.

**8** Foliensuur speel 'n kardinale rol in gesondheid deur die menslike genoom teen mutasies te beskerm. Wanneer daar voldoende foliensuurbeskerming is, word die risiko vir hartsiektes, kankers, geboortedefekte en moontlik Alzheimer-siekte aansienlik laer.

**9** 2. Die ontkiemingsflater. In 1870 het die mens ontdek hoe om die kiem uit koringkorrels te haal. Koring het nie 'n goeie rakleeftyd gehad nie, omdat die oksidasie van vetsure in die kiem ná enkele weke 'n slegte reuk veroorsaak het.

**10** Dit was die tweede groot flater in die voedingsgeskiedenis juis omdat die koringkiem die meeste foliensuur in koring bevat.

**11** Vandag weet ons dié flaters is die spyker in die doodskis van die moderne mens en daar is groeiende pogings in verskillende lande om dit reg te stel.

**12** As jy dus vandag van die riglyne vir 'n "gesonde dieet" praat, moet jy dalk begin deur ons moderne dieet te vergelyk met dié van ons oervoorouers.

**(Uit: *Die Burger*, 26 Januarie 2005)**

1.1 Verduidelik in jou eie woorde wat jy verstaan onder **hartsiektes en kanker hokgeslaan kan word** (par. 1). (1)

1.2 Navrae oor 'n gesonde dieet het slegs een definitiewe antwoord. Bevestig of weerlê hierdie stelling deur slegs 'n gedeelte van 'n sin aan te haal uit par. 1 – 2. (1)

1.3 Noem EEN van die elemente, volgens paragraaf 4, waaruit die mens se dieet aanvanklik bestaan het. (1)

1.4 Hoe wou die mens hom van die oerdieet bevry? (1)

1.5 Waaraan het die brein 'n behoefte? (1)

1.6 Die inname van meer koring as blare (paragraaf 6 – 7) het EEN nadeel tot gevolg. Noem die nadeel. (1)

1.7 Wat beskerm die liggaam teen mutasies? (1)

1.8 Die aanwesigheid van genoegsame foliensuur kan siektes voorkom. Noem slegs EEN van hierdie siektes. (1)

1.9 Waarom moes die kiem uit koringkorrels verwyder word? (1)

1.10 Wat word bedoel met **flater** (par. 10)? (1)

1.11 Noem die TWEE voedingsflaters wat die moderne mens begaan het. (2)
**[12]**

## SLIMKOP SE HELPER

**1** As jy in die agtiende eeu die eerste uitgawe van die Encyclopaedia Britannica aangeskaf het, sou jy die bladsye self moes gebind het.

**2** Vandag is toegang tot dié betroubare navorsingsmiddel gelukkig verspot maklik, aangesien die volle reeks op CD-ROM en DVD-ROM beskikbaar is. Met die kliek van jou rekenaar se muis het jy toegang tot inligting oor enige denkbare onderwerp onder die son – jy het as't ware die wêreld aan jou vingerpunte. Die Britannica is een van die mees betroubare navorsingsmiddele ter wêreld.

**3** Die Britannica bied jou 'n magdom inligting oor derduisende onderwerpe. Die navorsingsmiddel is ideaal vir studente van alle ouderdomme – ouers, beroepslui, skoolkinders en sommer enigiemand wat belangstel in feite oor die wêreld.

**4** Jy kan kies uit drie pakette:

(a) Student Encyclopaedia 2005 CD – vir kinders van sewe tot veertien jaar. Dit bestaan uit aanlyn-studiespeletjies, huiswerkhulp, inligting oor huidige gebeure, ens.

(b) Deluxe Edition 2005 CD – 'n verwysingsbron vir ouer studente. Die pakket het spesiale hulpmiddels om jou te leer hoe om 'n verslag te skryf, aantekeninge te maak, bronnelyste op te stel en navorsingsbronne aan te haal.

(c) Ultimate Reference Suite 2005 CD en DVD – die volledigste en ideaal vir die hele gesin.

**(Uit: *Huisgenoot*, 24 Februarie 2005)**

1.12 Op watter manier is toegang tot dié ensiklopedie vergemaklik? (1)

1.13 Waarom sal jy volgens die teks **die wêreld aan jou vingerpunte hê** (par. 2)? (1)

1.14 Hierdie navorsingsmiddel is net geskik vir **sekere mense**.

1.14.1 Is bostaande stelling waar of onwaar? (1)

1.14.2 Bewys jou antwoord op Vraag 1.14.1 deur 'n gepaste aanhaling uit par. 2 – 3. (1)

1.15 Gee 'n woord met min of meer dieselfde betekenis as **magdom** (par. 3). (1)

1.16 Van watter uitgawe sal jy gebruik maak indien jy bronnelyste moet opstel? (1)

1.17 Kies EEN woord wat die aard van hierdie advertensie die beste sal beskryf. Motiveer u keuse in 'n sin.


1.17.1 Beskrywend

1.17.2 Informatief

1.17.3 Sarkasties

1.17.4 Humoristies (1)

**[7]**




(Uit: *Die Burger*, 8 Oktober 2003)

1.18 Gee 'n woord uit die spotprent wat dieselfde betekenis het as: 'n opname maak van hoeveel mense in die land is / versameling van statistiek. (1)

1.19 Watter fout is tydens die sensusopname gemaak? (1)

1.20 Die figuurtjie in die onderste linkerkantste hoek sê hy kan dit nie glo nie. Wat kan hy nie glo nie? (1)

b.o.

1.21 1.21.1 Watter emosie, dink jy, ervaar die generaal? (1)

1.21.2 Watter visuele bewys is daar om jou antwoord op Vraag 1.21.1 te staaf? (1)

1.22 Waarom is die taalgebruik in die spotprent soos dié van 'n baba? (1)
**(6)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
### OPSOMMING / SAMEVATTING / PRÉCIS

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**LET WEL:**

- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Meld na elke antwoord die getal woorde wat jy gebruik het.
- Begin elke sin op 'n nuwe reël.

**1** Dis 'n feit waaroor niemand kan stry nie. Veiligheidsgordels red lewens. Maar jare nadat die dra daarvan verpligtend geword het, weier sowat 30 – 40 persent van Suid-Afrikaners steeds om dit te doen.

**2** Die driepunt-veiligheidsgordel is in die vyftigs deur wyle Nils Bohlin, 'n ingenieur van Volvo, ontwerp. Volvo was in 1959 ook die eerste motorvervaardiger wat veiligheidsgordels in sy motors geïnstalleer het. In 1967 was Volvo ook eerste met veiligheidsgordels as standaard vir die agterste sitplek.

**3** Veiligheidsgordels kan egter net lewens red en beserings voorkom as dit gebruik word. Dit is veral belangrik as jy dink tot 10 000 mense sterf jaarliks op ons paaie.

**4** Dit het in Januarie 1983 in Brittanje verpligtend geword om veiligheidsgordels te dra. Hul navorsing het begin wys dat padsterftes agtien jaar daarna met 'n yslike 41,9 persent gedaal het.

**5** Die agterste passasiers moet natuurlik ook hul gordels gebruik. In 'n botsing kan hulle vorentoe geslinger en die voorste insittendes beseer word.

**6** Navorsing in Japan het bewys dat die risiko van dood vir die voorste insittendes vyf keer groter is as die agterste passasiers nie vasgegord is nie.

**7** Die agterste insittendes stel dus nie net hulle eie lewe in gevaar nie, maar ook die van die voorstes.

**8** Onthou ook die bestuurder is wetlik verplig om seker te maak dat al die insittendes hul veiligheidsgordels dra.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, Oktober 2004)**

2.1 Die dra van veiligheidsgordels deur die agterste passasier het 'n groot invloed op die veiligheid van die voorste passasier. Vat dié invloed daarvan saam in DRIE sinne van nie meer as 35 woorde nie. (6)

2.2 Die dra van veiligheidsgordels vir Britte het 'n uitwerking op padsterftes. Vat hierdie uitwerking saam in EEN sin van nie meer as SES woorde nie. (2)

2.3 Voorsien die teks van 'n opskrif van nie meer as SES woorde nie. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

### IS 'N SELFOON NOG 'N SELFOON?

**LEO KOK**

'n Mens word deesdae vinnig op die vingers getik as jy praat van 'n selfoon, want in die era van internet-toegang, visuele radio en selfs mobiele televisie is dit duidelik dat 'n selfoon nie meer 'n selfoon is nie.

"Ons is sekerlik nog nie by ons bestemming nie, maar dit is duidelik dat ons 'n heel nuwe era vir mobiele tegnologie betree het," sê mnr. Jorma Olilla, voorsitter en uitvoerende hoof van Nokia. Hy verwys nie meer na 'n selfoon as 'n selfoon nie, maar as 'n persoonlike digitale kommunikasie-instrument. Dié gevleuelde beskrywing is miskien geskep deur die bemarkingspan by Nokia se hoofkantoor, maar dit het waarde.

Volgens mnr. Anssi Vayaki, uitvoerende visepresident van multimedia by Nokia, is hy in 1995 uitgelag toe hy sý weergawe van die selfoon van die toekoms, met internet-toegang en 'n aanrakingsensitiewe skerm, aan die media gewys het. Sy voorspelling was dat die selfoon Arnie (met verwysing na Arnold Schwartzenegger) in 2002 reg sou wees vir produksie.

"Ek was wel uit met sowat twee jaar, maar nou is 'n selfoon duidelik nie meer 'n selfoon nie, maar 'n toestel met 'n legio van gebruike," sê Vayaki.

Van die dienste wat Nokia vanjaar op sy internasionale kongres oor selfoontegnologie bekend gestel het, is onder meer visuele radiodienste, internetdienste en 'n reeks nuwe video-opnames wat outomaties na selfone versend word.

Al die dienste vorm deel van Nokia se verwagting dat verskillende tegnologieë in die toekoms meer en meer sal saamvloei en sodoende ook die grense tussen verskillende bedrywe sal laat vervaag.

Mnr. Ikka Raiskinen, senior visepresident van multimedia, speletjies en nuwe tegnologie, sê die nuwe neiging van die samevloeiing van tegnologie is deels genoodsaak deur selfoon-operateurs wat nuwe bronne van inkomste soek aangesien die mark vir inkomste van stemoproepe nou taamlik versadig is, en deels deur selfoon-verskaffers wat hul produk van dié van hul mededingers probeer onderskei.

Die koms van derdegenerasieselfone, wat eergister deur Vodacom in Johannesburg bekend gestel is, plaas verdere druk op selfoonvervaardigers om nuwe fone te ontwerp wat gebruik maak van die verskeidenheid multimediadienste wat nuwe breëband-hoëspoed-netwerke aan gebruikers bied.

"Ons verwag om die eerste selfone met ingeboude hardeskywe voor einde vanjaar bekend te stel. Dit sal dit verder moontlik maak om nuwe dienste aan gebruikers, soos die aflaai van musiek, werklikheid te maak," sê Vayaki.

Nokia se eerste reeks nuwegenerasieselfone sal na verwagting vroeg volgende jaar beskikbaar gestel word. Ons kan net wonder wat die volgende 100 jaar vir ons wag.

**(Uit: *Beeld*, Woensdag 17 November 2004)**

3.1 Verander die opskrif **Is 'n selfoon nog 'n selfoon?** sodat jy 'n stelling maak en nie 'n vraag stel nie. (1)

3.2 Wat word bedoel met **op die vingers tik** (r. 1)? (1)

3.3 Haal 'n woord tussen r. 3 en r. 6 aan wat dieselfde betekenis as **eindpunt** het. (1)

3.4 **Hy verwys nie meer na 'n selfoon as 'n selfoon nie** (r. 6). Herskryf die sin begin jou antwoord met:
**Daar ______.** (1)

3.5 **Die gevleuelde beskrywing is geskep deur die bemarkingspan by Nokia se hoofkantoor, maar dit het waarde** (r. 7 – 9); dit is dus (**waarde**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.6 'n Mens gebruik 'n **kommunikasie-instrument** (r. 7) om met ander te (**kommunikasie**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.7 Die woord **bemarkingspan** (r. 8) is 'n samevoeging van twee woorde ***mark*** en ***span***. Vorm so 'n samevoeging met die vetgedrukte woorde in die volgende sin. Sy voorspellings was dat die **selfoon** in 2002 reg sou wees vir **produksie**. (1)

3.8 Die **voorspelling** (r. 13) wat mnr. Vayaki gemaak het, was maar 'n klein (**voorspelling**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.9 Herskryf die spreker se woorde: **"Ek was wel uit met twee jaar," sê Vayaki** (r. 15), maar begin met die woorde:
**Vayaki sê dat ______.** (1)

3.10 **"... radiodienste, internetdienste..."** (r. 18). Herskryf die frase sodat die woord dienste nie herhaal word nie. (1)

3.11 Hoe sal jy **senior** (r. 23) korrek afkort? (1)

3.12 Mnr. Raiskinen is een van die (**vise-president** r. 23) van die maatskappy. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.13 **Selfoonoperateurs** (r. 25) dui op die manlike geslag. Watter benaming sal jy gebruik, indien die operateurs vroue is? (1)

3.14 Dit is 'n **Johannesburg** (r. 28) tak wat die derdegenerasie-selfoon bekendgestel het. Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte woord. (1)

3.15 Om 'n getal te beklemtoon skryf ons dit in woorde. Skryf die getal **100** (r. 36) uit in woorde. (1)

**[15]**

**EN**

## 10 000 LIEDJIES VIR DIE LANG PAD

**LEO KOK, WIELENET**

Dit is die lang pad Kaap toe en die drie CD's wat jou geselskap hou, begin nou vervelig raak. Sou dit nie wonderlik gewees het om uit 10 000 liedjies te kon kies nie?

Dit is juis hierdie soort moontlikhede wat die rekenaarvervaardiger Apple aan gebruikers van sy iPod digitale musiekspeler bied en stadig maar seker sy pad na motors vind.

Apple het 'n paar jaar gelede besluit om die mark vir digitale musiek te betree met die bekendstelling van die iPod, maar hy het besluit om die mark te troef deur gebruik te maak van 'n klein mobiele hardeskyf eerder as soliede-toestandgeheue, of *flash*-geheue soos dit algemeen bekend staan.

Dit maak dit natuurlik moontlik om tot 5 000 liedjies op 'n 20 Gb-iPod te stoor en die grootste is die 40 Gb-iPod wat tans beskikbaar is.

Te oordeel na die meer as 10 000 miljoen iPod's wat reeds wêreldwyd verkoop is, is die klein musiekspeler selfs meer gewild as die eerste Sony Walkman-kassetspeler. Die probleem is egter dat die meeste mense sonder oorfone na die musiek in hul motors sal wil luister.

Apple, en verskeie verwante vervaardigers, het die probleem aangepak en met verskeie splinternuwe bykomstighede gekom.

Die eerste, en een van die gewildste produkte wêreldwyd is die iTrip – 'n klein FM-sender wat die gebruiker aan 'n iPod koppel en wat dan die musiek op 'n FM-frekwensie uitsaai. Al wat die iPod-eienaar moet doen, is om 'n oop frekwensie op die radio te vind en dit in die iPod in te sleutel.

Daar is natuurlik probleme hiermee. Indien die onafhanklike kommunikasie-owerheid se regulasies streng gelees word, is enige toestel wat in 'n ongelisensieerde FM-frekwensie uitsaai, onwettig. Hoewel Okasa nie sommer beswaar maak nie, is daar wel 'n verlies aan gehalte aangesien die musiek op FM oorgedra word.

Ander opsies bestaan, soos radio's deur onder meer Alpine wat 'n ingeboude digitale koppeling aan die iPod bied, maar Apple het besluit om dit een stap verder te voer.

Die groep is reeds 'n jaar of wat lank in gesprek met motorvervaardigers om 'n iPod-koppeling as opsie in 'n nuwe motor te bied. Mini en smart doen dit alreeds.

Suid-Afrikaners sal egter nog hiervoor moet wag.

(Uit *Beeld*, 20 Januarie 2005)

3.16 Die lang pad na die **Kaap** (r. 1) staan ook bekend as die (**Kaap**) pad. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.17 CD's wat **vervelig** (r. 2) begin raak, is besig om jou te (vervelig). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.18 Dit vind nie **stadig** nie (r. 5), maar ______ sy weg na motors. Gee 'n woord met min of meer die teenoorgestelde betekenis as die vetgedrukte woord. (1)

3.19 Wat word met **bekendstelling** (r. 8) bedoel? (1)

3.20 Die 40 Gb iPod is (**grootste** r. 12) as die 20 Gb-iPod. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.21 Van watter TWEE woorde is **musiekspeler** (r. 14) afgelei? (1)

3.22 **Splinternuwe** (r. 18) dui die intensiteit van nuut aan. Hoe sal jy die intensiteit van **oud** aandui? (1)

3.23 Voeg 'n woorddeel voor **gewildste** (r. 19) sodat die woord die teenoorgestelde betekenis van **gewildste** aandui. (1)

3.24 Gebruik **sleutel** (r. 22) in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis as in die teks het. (1)

3.25 Verander die sin **Daar is natuurlik probleme hiermee** (r. 23) sodat dit verwys na iets is wat nog sal gebeur. (1)

3.26 Watter betekenis het on- in **onwettig** (r. 25)? (1)

3.27 Wat word bedoel met **beswaar maak** (r. 26)? (1)

3.28 Die woord **smart** (r. 32) verwys na die naam van 'n motor. Verander die skryfwyse sodat dit taalkundig korrek is. (1)

3.29 **Suid-Afrika sal hiervoor moet wag** (r. 34). Herskryf die sin maar voeg 'n NIE by. (1)

3.30 Van watter land is **Suid-Afrikaners** (r. 34) afkomstig? (1)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

## AFDELING D
## TAALVERSORGING

### VRAAG 4

- In hierdie afdeling moet jy die taalfoute korrigeer.
- Lees die onderstaande teks deur en beantwoord die vrae wat volg.

**KRIMP – KAR**

Elkeen (wie / wat) al laat was vir 'n afspraak en nie parkeerplek kon kry nie; het al gewonder: deksels sal ek nie tog in die ruimte tussen daardie twee karre inpas nie? Dit lyk dalk te klein, maar wie weet.

Helaas, wanneer jy met groot gesukkel daar probeer in, is dit asof jou motor langer geword het.

Maar 'n Switserse motorontwerper het nou met iets vorendag gekom wat stedelinge en stadsbeplanners se parkeerhoofbrekens dalk ietwat kan verlig: 'n motor wat kan krimp.

Jy druk bloot 'n knopie en siedaar, die presto krimp 'n driekwartmeter – van 3,74 m tot net 3 m. Van viersitplek- tot 'n tweesitplekmotor, dus. Maak net seker jy vra eers die passasiers agterin om uit te klim.

Die transformasie word gemaak moontlik deur 'n elektriese motor, spesiale ratwerk, koeëllaers en 'n verstelbare onderstel.

Om die risiko van padwoede verder te verminder is die rooster tussen die presto se kopligte in 'n glimlag gevorm. Die woorde STOP en TURN verskyn boonop op die rem- en flikkerligte wanneer jy rem trap of wys jy gaan draai.

En dan is die motor nog omgewingsvriendelik ook: die turbo-enjin van 1,7 liter gebruik 'n spesiale mengsel van natuurlike gas en diesel.

Maar hoe lyk dit dan asof die ontwerpers die deure vergeet het? Nee, 'n ongelooflike krimpende kar soos die kan natuurlik nie deure he. Vir die kinders is daar darem trappe wat in die motor se kante invou. Die presto is onlangs by die Geneefse Motorskou bekend gestel. Plane vir massaproduksie is daar nog nie.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 Maart 2002)**

4.1 Gee 'n ander aanvaarbare Afrikaanse woord vir **kar** (opskrif). (1)

4.2 In reël 1 weet die skrywer van die rubriek nie of hy **wie** of **wat** moet gebruik nie. Kies die korrekte woord. (1)

4.3 'n WOORDORDEFOUT is tussen reël 12 en 13 begaan. Stel dit reg. (1)

4.4 'n KOMMA ontbreek tussen r. 14 – r. 16. Skryf slegs die woord voor en na die komma neer. (1)

4.5 Gee die Afrikaanse woord vir **turn** (r. 15). (1)

4.6 'n Fout ten opsigte van ONTKENNING is tussen reël 19 en 21 gemaak. Skryf die sin korrek oor. (1)

4.7 'n Eienaam (r. 20 – r. 22) is verkeerdelik met 'n kleinletter geskryf. Skryf slegs die naam korrek oor. (1)

4.8 'n SKRYFTEKEN is weggelaat tussen r. 19 – r. 21. Skryf slegs die woord waarin die skryfteken voorkom korrek oor. (1)

4.9 Benewens bostaande foute is daar nog TWEE spelfoute wat voorkom. Skryf slegs die woorde korrek oor.

4.9.1 Reël 9 tot reël 11 (1)

4.9.2 Reël 20 tot reël 22 (1)

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**